UITGAWE 37/2011

23 Oktober 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor
Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	23 Oktober	Erediens— Matriek toewyding Nagmaal Tienerdiens Gr 7 –11 Aanddiens	09:15 17:00 18:00
Maandag	24 Oktober		
Dinsdag	25 Oktober	Mediabediening ver-gadering	18:00
Woensdag	26 Oktober	Soteria kursus	
Donderdag	27 Oktober	Vrouebybelstudie	10:00
Vrydag	28 Oktober		
Saterdag	29 Oktober	Mannebiduur Senior Burger Funksie	07:00 10:00

Inhoudsopgawe:

Nuusbrokkies	2
Jeugbediening	3
Sending Gebedsversoeke	4
Koue Bekeerore	5
Gebedsbediening	6
Glinster Grys	8

Ons Terreinbestuurder, Wessel Brooks gaan vanaf 14 November tot 12 Desember 2011 met verlof. Enigiemand wat belang sou stel om te help met aflos koster moet asb die kerkkantoor skakel so gou moontlik.

Kerssangdiens 6 November

Moontlike koor, belangstellendes moet asb net na die oggend diens by die orrel aanmeld.
Sien Lettie Cornelius of Emmerentia Jooste.

Selbediening

Wat ‘n wonderlike voorreg om deel te wees van die selbedieing!

Hierdie is ‘n lekker kuier geleentheid om meer van die Here te leer en veral werklike omgee liefde te beleef—ons raak soos een groot familie!! Ons mis jou daar, kom word deel van ons!!

Kontak Alta Pothas by 0832951192

Happie-Kuier Tee

30 Oktober 2011 (direk van die erediens)

Hele gemeente word uitgenooi

Sien jou daar!!

Ontdek jou plek!

U word uitgenooi om die ontdekking te maak waar God jou in Sy Koningkryk kan gebruik deur die **"Ontdek Jou Plek" kursus** te deurloop.

- Leer ken jou persoonlikheid
- Ontdek die gawes wat God aan jou gegee het
- Leer ken verskillende terreine waar jy hierdie gawes kan uitleef!

Die kursus gaan aangebied word Woensdag 16 November 18:00- ongeveer 20:00, Saterdag 19 November 09:00- ongeveer 11:00 asook Woensdag 23 November 18:00 . Die koste beloop R60-00 per persoon, wat die kursus materiaal insluit. Indien u belangstel, skakel Ds W Louw (0823407549) of Johannes van Rooyen (0827868193).

JEUGBEDIENING

- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het ‘n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het– bring julle kinders!
- Daar is nie vanoggend Sondagskool vir graad 1-6 nie, maar wel volgende week tydens die oggenddiens. ’n Kinderdiens word vir die kinders gehou en daarna word in die graadgroepe verdeel.
- Die bediening vir graad 7-11 begin 17h00 met ‘n erediens in die saal. Daarna word in die groepe verdeel.

PAMPOENE

Om 'n kind van GOD te wees
is om soos 'n Pampoen te wees.
God pluk jou uit 'n bondel, bring jou in, was jou.
Sny jou bo oop.
Skep al die slegte goed uit.
Haal pitte van twyfel, angs, haat, ens uit.
Sny 'n nuwe gesig wat glimlag en plaas Sy lig (JESUS) in jou sodat almal dit kan sien.
Ek het die pampoen storie by 'n ander pampoen gekry.
Nou's dit jou beurt om dit vir 'n ander pampoen te gee.

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING

Chris en Petro

Baie dankie:

Vir die honger wat Jesus in die pasiente se harte plaas. Bid vir die wat hul harte vir Jesus gegee het dat Hy self die saadjies in hul hart sal laat groei.

Die personeel van Potch hospitaal.

Chris en Petro vir die groot taak wat hulle daar verrig.

MALAWIE SENDING

(Pieter Loots)

Baie dankie:

- Vir 'n ruskans vir Pieter. Bid asb vir genoegsame afskakel en rus.

Vir Ida wat bereid is om die skooltjie te hanteer.

Bid asb vir:

- Nog 'n persoon om vir Ida te help. Daar is 40 kinders en te veel vir haar om te hanteer.
- Die beskerming van Debbie en die ander wat nou daar waarneem.
- Pieter se gesondheid.
- Siniya wat met 'n trok en 30 passasiers na SA kom.

MC & Lezelle

Ons het 'n dankbare hart tov Botswana uitreik:

Dit was 'n wonderlike groep kinders en hulle ervaring gehad om vir die mensies te bid en vir baie van hulle was dit die eerste maal ooit wat hulle dit gedoen het.

MC en 'n kollega is vanaf Woensdagoggend Lesotho toe tot Sondag waar hulle die diens sal waarneem. Bid asb vir hulle.

BOTSWANA SENDING

Bid asb

Vir my Katkisasie klas wat regmaak om geloofsbelydenis af te lê 6 November. Ek moet my werk in Botswana bietjie opsy sit om deur gebed en die Woord my kinders te ondersteun.

Vir die Boff opleiding wat nou aan die gang is op Seronga Botswana. Ek sou gehelp het maar moet eers hier met my klas klaarmaak.

Koue bekeerore

Die sit in hulle huisie was maar so in die skemerte gewees want die wintersonnetjie het vroeg-vroeg loop aanstaltes maak om te wyk voor die murgsuig windjie en naderkomende donkernag koue. Vandag se kuier is die tweede keer dat ons hier kom oorstaan en ek onthou nog die gekerm en gekla oor die genadelose kerk en sy se mense tydens ons vorige besoek. Meedoënloos vervelig laat die ysige windjie se waai die vaalkleurige kantgordyne geruisloos heen-en-weer voor die vaal, vuil vensters verby beweeg. My se hande vryf heen-en-weer oor mekaar om die diep byt van die koue teen te werk terwyl ek woordloos wonder wat hierdie besoek gaan inhou. Saggies klop iemand aan die deur en die gesprek steek skielik vas soos 'n rooijakkals wat 'n jaghond ruik. Versigtig word die houtdeur eers op 'n skrefie oopgemaak. Daarna word die deur vinnig al groter en groter oopgeskuif sodat die ongenooide oorstaner kan inkom. Karools is sy naam en hy het maar kort voor laaste week hier ingewaai. Sy handdruk is ferm en vertel sy lewensverhaal vol kennis en ervaring. Ons praat is los en vas en handel oor skape, slange en laaste somer se lekker reën. Dan verander sy swartbruin oë blitsig in klip toe ek die gesprek in die rigting van gelowiges en kerklopers as Sy verteenwoordigers hier op stofaarde draai.

Ek kyk hom vol in die oog en besef dadelik dat sy hart vol littekens en 'n geelrooi oorryp sweersel is, diep uitgekerf en veroorsaak deur genadelose gelowiges en liefdelose kerklopers. Met sy skouerknoppe effens agteroor getrek, sy kop omhoog soos 'n regopstaan geelslang, sit hy trots en kyk my aanvallend en uitdagend aan. Duidelik lees ek in die vensters van sy klipkoue hart die opskrif van sy binnekantstorie en ek besef dat Karools geensins 'n binnenste-binne warmte vol liefde en genade ken nie. "Vandag is die dag wat jy gaan leer om met jou se koue bekeerore na ander se seer te luister," fluister Hy in my se gemoed. "Vandag is die dag wat die sandstorm van 'n littekenhart na buite gaan waai sodat jy met bekeerore My liefde daarin kan saai."

Skaars het Sy woorde my se hart bereik toe woede en frustrasie deurtrek met teleurstelling, haat en verwyt vanuit Karools se binneste-binne onverpoosd begin te woed. Hierdie uitbarsting en tirade het die huismense soos 'n uitbundige uitbreekskaap heel onkant gevang. Verdwaas en verbaas sit hul daar terwyl ysige hartswoorde hard in my se ore basuin. Kort neffens die eerste salvo's gevuur is, begin hulle ook stadig maar seker vertel van dit wat kerkloop so moeilik maak. So word vertel van lang jare se gelieg en bedrieg en hoe kerklopers en gelowiges met 'n vlymskerptong mos jou se toekoms en selfs saligheid bepaal. Heelwat later en Karools se litteken en geelrooi sweersel hart is leeg gepraat en hy sak moeg in die rusbank terug. 'n Klompie minute gaan verby terwyl 'n amperse goddelike stilte oor ons hang. Selfs die murgsuig windjie het sy asem opgehou. "Dankie, pastoorgoed, dat jy met oop ore geluister het," het hy lateraan gegroet toe hy my se hand saggies druk.

Stadig, met onse vingers inmekaar gevleg en diep in my se baadjiesak gesteek, stap ek en die Mooiste Mooi daardie donkernag na onse woonhuis toe. Karools se groetwoorde maal deur my kop en ek onthou weer Vader se sagte opdrag gefluister. Dan besef ek om met bekeerore te luister is dieselfde as om Sy woorde "Jy's 'n uitgesoekte en uiters kosbare mens," saggies in 'n ander se hart te fluister. Mag jy van vandag af aan met jou se bekeerore na 'n ander luister want jy is 'n Jesuslig in sy se duister.

Wel vanuit die Agter-Kalahari tot 'n volgende keer, mooi bly, lekker slaap.....HJ & Dalene

Gebedsbediening

Psalm 117 Prys die Here alle nasies, loof Hom alle volke

Want Sy liefde vir ons is sterk, aan die trou van die Here is daar geen einde nie

Prys die Here

Gebedsaksies:

Gebed voor die erediens—ouderlinge, gemeentebestuur en selleiers word uitgenooi na die geleentheid voor die erediens om 09:00.

Gebed voor die aanddiens—enige lidmaat is welkom om 17:45 in die konsistorie bymekaar te kom om deel te wees van die gebedsgroep.

Gebed tydens die erediens—selgroep is verantwoordelik vir hierdie geleentheid.

Personeelgebed—dinsdae om 08:15 bid die kerk se personeel saam.

Gebedsketting:

Vir enige gebedsversoeke stuur ‘n kort sms na 082 460 5272.

Moet asseblief nie die nommer skakel of ‘reply’ na die sms’e nie, as u ‘n gebedsversoek via die sms gebedsketting ontvang, moet u asseblief nie op die sms nr terug reageer om meer inligting te soek oor die spesifieke saak nie. Hierdie nommer word slegs gebruik om die versoeke te hanteer.

Gebedsversoeke:

Martin du Toit

Susan Pienaar

Daleen Venter

Paula Pretorius

Kontakbesonderhede:

Skakel Lettie van Rensburg 083 959 0020 indien jy wil inskakel by een van die bogenoemde gebedsgeleenthede.

Malawi Sending

Hiermee word u een-en-almal vriendelik uitgenooi na die Netwerk Vergadering wat op 27 Oktober om 18:00 sal plaasvind.

Dit sal in die Konsistorie van N.G. Miederpark te Aarbeilaan gehou word.

Indien u dit kan bywoon kontak asseblief vir Leonie by 083 455 3478 of leonied@tlokwe.gov.za. Ettiene kan by 0833604701 gekontak word.

Here, help my om vandag al my selfsugtigheid en eie wil weg te was,

sodat ek U die res van my lewe met nederigheid kan dien.

Here, stryk vandag al die plooie, wat deur die jare versamel het,

uit my gees sodat ek net die mooi in ander sal sien.

O God, help my dat ek sal regmaak waar ek ander te na gekom het.

Here Jesus, help my om met die stoflap van u genade

die klein sondetjies wat in my hart skuil,

weg te vee en skoon te maak.

O God, gee my asseblief die wysheid om die dinge

te koop wat nodig is en nie wat ek begeer nie,

omdat ek weet Here, geen aardse skatte weeg op

teen dit wat in die Hemel wag nie.

Help my, my Vader om die vrugte van die gees:

Liefde, Vriendelikheid, Hulpsaamheid, Sagmoedigheid,

Getrouheid en Selfbeheersing aan my naaste voor te sit.

O God, ek het my huis vir u voorberei.

Kom woon asseblief in my hart sodat ek die res van my lewe
in u teenwoordigheid kan deurbring.

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

22 Oktober:	25 Oktober:	27 Oktober
Baby Brits	Fran Olwagen	Anita van Heerden

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Oop Hand

In die lig van swak ekonomie, wat ook maar afspiraal tot gebrekkige kerklike finansies, vra ons vanaf Glinster Grys se kant vir ‘n oop hand vanaf enige van ons lidmate wat hul weg oopsien t.o.v. enige skenkings-bydrae tot die Senior Burger Funksie. Hetsy in die vorm van ‘n geldborg vir bv die poeding, sap, blomme, maalvleis of slaai, prysgeskenkies, ens.

Kontak Ds Dorette by 0744347093 indien u u weg oopsien hiervoor.

By voorbaat dank

Alle Senior lidmate, 65jr en ouer (en hul huweliksmaats), word uitgenooi na die funksie waarin hul bydrae tot die gemeente gevier word, op Saterdag 29 Oktober 2011. Die tema is: Blou-Trein, Gau-Trein; die lewe is ‘n Reis…”

Die funksie begin om 10 uur en dit is belangrik dat u vooraf u naam moet opgee by die kerkkantoor aangesien die getalle benodig word vir die geskenkies en spyseniering. Trek aan asof u op reis gaan (waarheen is u eie keuse!) en bring ‘n handbagasie tassie / sakkie of wat ookal saam, met iets in wat ‘n mens normaalwg met jou op reis neem.

Soos in die verlede, beloof dit om pret te wees met iets te ete, foto-neem, speletjies en verras-singsprysies vir oorsronklikheid. Ons wil graag al ons kosbare “Ongestrykte mense” (soos Lente van Oom Karolus hulle noem) ‘n bietjie bederf.

Gee dus sonder versuim u naam op

Grys-Groete

Ds Dorette

Psalm 91:4
"Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser".